



# **Departement Van Vervoer**

## **K53**

**Praktiese toets vir voertuigbestuurders**

**Volume 4**

**Ligtemotorvoertuie**

**Kode EB lisensies**

**Augustus 2005**

1.	<b>DIE TOETS</b> .....	1
1.1	Doel van die toets .....	1
1.2	Toetsformaat .....	1
1.3	Itemformaat .....	1
1.4	Metode .....	1
1.5	Voertuigtipe .....	1
1.6	Etiek .....	1
2.	<b>TOETSBENODIGHEDE</b> .....	2
2.1	Materiaal .....	2
2.2	Vereistes vir die werftoets .....	2
2.3	Vereistes vir die padtoets .....	2
3.	<b>TOEPASSING VAN DIE TOETS</b> .....	3
3.1	Werftoets .....	3
3.2	Padtoets .....	5
3.3	Botsing .....	6
3.4	Voertuig raak onklaar .....	6
3.5	Toets word uitgestel .....	6
4.	<b>TOETSVERSLAG</b> .....	7
5.	<b>PUNTETOEKENNING</b> .....	10
6.	<b>MODULES</b> .....	14
7.	<b>WOORDVERKLARINGS</b> .....	75
8.	<b>TEGNIESE DATA</b> .....	86

---

# 1. DIE TOETS

---

## 1.1 Doel van die toets

Hierdie is 'n praktiese toets om die vaardigheid van bestuurders van gelede en 'n kombinasie van motorvoertuie wat binne die katogorie van ligtemotorvoertuie val, te bepaal. Die volledige toets bestaan uit twee afsonderlike afdelings, naamlik, 'n werftoets en 'n padtoets wat saam 'n 'voertuigbestuurder se vermoë ten opsigte van voertuighantering, gehoorsaamheid aan verkeersreëls en die hantering van verkeersprobleme in die praktiese bestuursituasie meet. Die toets moet deur bestuurderslisensie toetsentrums gebruik word om die vaardighede van bestuurders te meet ten einde 'n bestuurderslisensie te bekom. Slegs na die toets suksesvol voltooi is, kan 'n bestuurderslisensie gemagtig word. Instrukteurs wat oor die vereiste kennis en vaardighede beskik, kan ook van hierdie toets gebruik maak om opleidingsbehoefte te bepaal.

## 1.2 Toetsformaat

Die toets word op voorgeskrewe maneuvres en voorafbepaalde roetes afgelê en op die gestandaardiseerde toetsverslag (sien bladsy 9) gemerk, deur 'n toetsbeampte vir bestuurderslisensies wat op die voorgeskrewe wyse opgelei en geregistreer is. Indien die toets om enige rede in enige stadium gestaak word, moet die toets volledig herhaal word. (Dit sluit die werftoets en padtoets in)

## 1.3 Itemformaat

Die items word in aparte kategorieë ingedeel wat duidelik onderskei word op die toetsverslag. Gedurende die toets merk die toetsbeampte die items in elke kategorie en teken verkeerde reaksies aan deur 'n merkie in die blokkie teenoor die toepaslike reaksie te trek.

## 1.4 Metode

Slegs nadat die werftoets suksesvol afgehandel is onder toesig van 'n toetsbeampte wat deeglik vertrouwd is met die inhoud van hierdie dokument, word die padtoets op dieselfde dag op 'n openbare pad uitgevoer. Elke toets moet volledig afhandel word deur dieselfde toetsbeampte, voordat die volgende toets kan begin. Die sleepwa sal slegs vir die uitvoering van die parallelparkering maneuvres afgehak word.

## 1.5 Voertuig tipe

Hierdie toets is ontwerp vir die toets van bestuurders van:

- (i) gelede motorvoertuie waarvan die bruto kombinasie-massa van die trekvoertuig, nie 3500kg oorskry nie, en
- (ii) 'n kombinasie van voertuie bestaande uit 'n trekvoertuig en 'n sleepwa, waarvan die bruto voertuig-massa van die trekvoertuig, nie 3500kg oorskry nie, en die bruto voertuig-massa van die sleepwa, 750kg oorskry.

## 1.6 Etiek

Gebruik van sellulêre telefone en rook is verbode. (Toetsbeampte en applikant, asook die Inspektoraat / Provinsiale moniteerder indien van toepassing)

---

## 2. TOETSBENODIGHEDE

---

### 2.1 Materiaal

Die volgende word benodig ten einde hierdie toets uit te voer:

- 'n padwaardige gelede motorvoertuie met 'n sitplek langs die bestuurder, waarvan die bruto kombinasie-massa van die trekvoertuig, nie 3500kg oorskry nie, of 'n kombinasie van voertuie met 'n sitplek langs die bestuurder, bestaande uit 'n trekvoertuig en 'n sleepwa, waarvan die bruto voertuig-massa van die trekvoertuig, nie 3500kg oorskry nie, en die bruto voertuig-massa van die sleepwa, 750kg oorskry, voorsien deur die applikant, (*geen vrag is benodig*)
- 'n toetsverslag, (in drievoud en in boekvorm genommer)
- 'n pen,
- 'n knyperbord, en
- 'n stophorlosie.

### 2.2 Vereistes vir die werftoets

Hierdie deel van die toets moet afgelê word in 'n area wat vir ander verkeer en persone gesluit is.

Geen merke word op enige wyse binne of buite die voertuig toegelaat nie, om sodoende die leerling bestuurder te help gedurende die praktiese toets.

Die toets sal begin met die voorritinspeksies.

Die volgende manoeuvres moet almal uitgevoer word, maar kan in enige volgorde gedoen word.

- (a) Linksdraai
- (b) Agteruit ry in 'n reguit baan
- (c) Gangparkering (na regs)
- (d) Parallelparkering ( na links en -regs) (*Sleepwa sal geparkeer en ontkoppel word*)
- (e) Opdraandwegtrek

Die tegniese data vir die manoeuvres is soos voorgeskryf. (Sien bladsy 86)

### 2.3 Vereistes vir die padtoets

Die padtoets mag slegs in aavang neem na die suksesvolle aflegging van die werftoets. Elke bestuurderslisensie toetssentrum moet oor minstens twee voorafbepaalde roetes beskik.

Die toets moet op enige een van die roetes afgeneem word.

Die volgende vereistes moet by elke toetsroete ingesluit wees:

- (a) 'n Meerlaanpad met minstens twee beheerde kruisings en duidelike afgemerkte padmerke waar 'n laanwisseling gedoen moet word.
- (b) Ten minste een kruising beheer deur vier-rigting-stopstekens.
- (c) Ten minste vier kruisings beheer deur stopstekens of verkeersligte.
- (d) Ten minste twee kruisings beheer deur toegetekens(s) -
  - (i) waar die applikant by een kruising ryvoorrang moet verleen; en
  - (ii) waar die applikant by een kruising ryvoorrang het.
- (e) Geen kruising wat 'n gedeelte van 'n toetsroete uitmaak, mag meer as twee keer vanuit dieselfde rigting gekruis word nie.
- (f) Minstens 65% van die toetsroete moet uit openbare paaie in 'n stedelike gebied bestaan.
- (g) By minstens twee van die kruisings in (c) genoem, moet 'n regsdraai gemaak word.
- (h) By minstens twee kruisings moet tweerigting verkeer gekruis word.
- (i) Groen flikkerligpyl aanduidings vir draaiende voertuie mag nie deel uitmaak van die kruisings genoem in (g) en (h) nie.

---

## 3. TOEPASSING VAN DIE TOETS

---

Toetse sal slegs gedurende normal werksure plaasvind, dit is, weksdae vanaf 07:00 tot 17:00 en Saterdag vanaf 07:00 tot 13:00. Geen toetsing word toegelaat op Sondag of openbare vakansiedae nie.

Die toetsbeampte vir bestuurderslisensies mag nie kommentaar lewer of 'n fout wat die applikant gedurende die toets begaan, noem of bespreek nie, en mag ook nie hulp verleen aan die applikant tydens die uitvoering van enige maneuer of aksie nie.

Die toetsbeampte moet alle toepaslike inligting op die toetsverslag aanteken.

Die toetsbeampte mag geen vrae wat die applikant se teoretiese kennis toets, gedurende die praktiese toets stel nie.

Die toetsbeampte mag niemand of enige iets toelaat om die applikant te hinder, te onderrig/help of 'n obstruksie te wees gedurende die toets nie. Die applikant moet ten alle tye onder die direkte toesig van die toetsbeampte wees gedurende die toets.

Die enigste persone wat die applikant mag vergesel gedurende 'n toets is die toetsbeamptes, verteenwoordigers van die Inspektoraat / Provinsiale moniteerders of toesighouer van die toetsbeamptes.

Met die aanvang van die werftoets tot die afhandeling van die padtoets moet die volgende items deurlopend gemerk word:

- Oortreding van Verkeersreël,
- Onbeheerde / Gevaarlike Aksie, en
- Botsing / Onklaar.

Die voorritinspeksie moet voltooi wees, voordat die voertuig vir die toets bestuur mag word en mag slegs deur die applikant bestuur word.

Indien die applikant in enige stadium die toets sou druipe en dit volgens die toetsbeampte onveilig sal wees vir die applikant om verder te bestuur, mag die toetsbeampte die voertuig terug bestuur na die bestuurderslisensie toetsentrum.

Na voltooiing van die toets, moet die applikant die voltooide toetsverslag teken en 'n afskrif moet aan hom/haar oorhandig word, nadat dit bespreek is.

### 3.1 Werftoets

Voor die aanvang van die werftoets moet die toetsbeampte die volgende inligting aan die applikant oordra:

- die werftoets (voorritinspeksies en maneuvres) moet binne 20 minute afgehandel word, (stophorlosie tyd)
  - dit is toelaatbaar om enige tyd stil te hou tydens sekere maneuvres,
  - observasie moet gedoen word en seine moet gegee word asof op 'n openbare pad,
  - dit is nie nodig om die sitplekgordel gedurende die werftoets te dra nie,
  - indien die toets in enige stadium gestaak word, moet die volledige toets herhaal word,
  - alle padverkeerstekens, -seine, -reëls en -merke moet gehoorsaam word,
  - die raak van enige hindernis of die klim van 'n randsteen is nie toelaatbaar nie,
  - geen onbeheerde of gevaarlike aksie sal toegelaat word nie,
  - die deurvoerstuurmethode is nie 'n vereiste tydens die werftoets nie, en
  - vrae mag gevra word ten opsigte van bogenoemde.
- Gedurende die koppeling en ontkoppeling van die sleepwa vir die parallelparkering maneuer, sal die stophorlosie gestop word.
  - Die toetsbeampte moet aan die applikant die beginpunt van elke maneuer aandui en hom/haar versoek om die parkeerrem aan te wend, neutraal te skakel en sein te kanselleer. (indien nodig)
  - alle foute wat tydens die eerste en 2<sup>de</sup> poging begaan is, moet aangeteken word, (inry en uitry)
  - Die instruksies en verduideliking vir elke maneuer sal gegee word terwyl die voertuig stilstaan, net voor die aanvang van daardie spesifieke maneuer.

### 3.1.1 Voorritinspeksie

'n Fisiese voorritinspeksie moet uitgevoer word, in opdrag en onder toesig van die toetsbeampte tydens elke toets, ongeag van die weerstoestande.

#### Buite (Module 1)

- (a) Die toetsbeampte vergesel die applikant tot by sy/haar voertuig waar die applikant 'n buitevoorritinspeksie moet uitvoer, voordat in die voertuig geklim word.
- (b) Die toetsbeampte mag die applikant toelaat om geringe defekte te herstel, maar geen ekstra tyd sal toegestaan word nie en die stophorlosie word nie gestop nie.
- (c) Indien enige van die items vermeld op die toetsverslag onder die hofies "Voorritinspeksie" nie in 'n goeie werkende toestand is nie, sal die voertuig as onpadwaardig beskou word en moet die toetsbeampte 'n sirkel om die swart blokkie trek onder die opskrif "PADWAARDIGHEID" en 'n kruis in die "DRUIP" blokkie maak op die toetsverslag en die toets word onmiddelik gestaak.

#### Binne (Module 2)

- (a) Die toetsbeampte versoek die applikant om in die voertuig te klim en die ligte, (domp- en hoofstraal) rigtingwysers, stopligte, veërs en toeter in werking te stel.
- (b) Indien enige van die items vermeld op die toetsverslag onder die hofies "Voorritinspeksie" nie in 'n goeie werkende toestand is nie, sal die voertuig as onpadwaardig beskou word en moet die toetsbeampte 'n sirkel om die swart blokkie trek onder die opskrif "PADWAARDIGHEID" en 'n kruis in die "DRUIP" blokkie maak op die toetsverslag en die toets word onmiddelik gestaak word.
- (c) Die toetsbeampte versoek die applikant om met die voorritinspeksie voort te gaan.
- (d) Die toetsbeampte mag die applikant toelaat om geringe defekte te herstel, maar geen ekstra tyd sal toegestaan word nie en die stophorlosie word nie gestop nie.

### 3.1.2 Linksdraai (Module 15)

Die toetsbeampte moet die volgende opdragte aan die applikant oordra:

- (a) om die voertuig om die draai te stuur sonder om stil te hou, op die randsteen te klim of enige grenslyne te raak, en
- (b) dat hierdie maneueer voltooi is, wanneer die stuuras van die trekvoertuig aan die linkerkant van die pad is, waar die 45 lyn aan die gebroke middel lyn raak.

### 3.1.3 Agteruit ry in 'n reguit baan (Module 16)

Die toetsbeampte moet die volgende opdragte aan die applikant oordra:

- (a) om te stop met die voorkant van die voertuig op of oor die aanvangs streep,
- (b) om die voertuig in die afgemerkte area terug te ry sonder om te stop,
- (c) om dit in een poging te voltooi en om geen sygrenslyne te raak nie, en
- (d) om te stop met die agterste wiele van die voertuig binne of verby die 5m stilhou sone.

### 3.1.4 Gangparkering (na regs)( Modules 17 )

#### Inry

Die toetsbeampte moet die volgende inligting aan die applikant oordra:

- (a) dit is toelaatbaar om in enige stadium stil te hou,
- (b) slegs een beweging vorentoe is toelaatbaar gedurende elke poging, en
- (c) 'n 2<sup>de</sup> (finale) poging mag aangewend word as die 1<sup>ste</sup> poging nie suksesvol was nie, mits geen hindernis of grenslyn geraak is nie.

Die toetsbeampte moet die volgende opdragte aan die applikant oordra:

- (a) om enige plek regs van die grenslyn te stop met die voorkant van die voertuig op of oor die 14m aanvangstreep, en
- (b) om regs terug te stoot sonder dat enige hindernis of grenslyn geraak word, en waar aangedui te stop. (Die agterkant van die voertuig moet verby die 3<sup>de</sup> stel hindernisse wees)

## Uitry

Die toetsbeampte moet die opdrag aan die applikant gee om uit die afgemerkte area uit te stuur, sonder dat enige hindernis geraak word en om waar aangedui te stop.

### 3.1.5 Parallelparkering (na links en -regs) (Modules 18 en 19)

Die sleepwa moet geparkeer en ontkoppel wees voordat met hierdie manoeuvre in aanvang neem. Die kant van waar die manoeuvre eerste gedoen word sal deur die toetsbeampte bepaal word.

## Inry

Die toetsbeampte moet die volgende inligting aan die applikant oordra:

- (a) dit is toelaatbaar om in enige stadium stil te hou, en
- (b) 'n 2<sup>de</sup> (finale) poging mag aangewend word as die eerste poging nie suksesvol was nie, mits geen hindernis geraak is of geen randsteen geklim is nie.

Die toetsbeampte moet die volgende opdragte aan die applikant oordra:

- (a) posisioneer voertuig by beginpunt,
- (b) slegs drie (3) bewegings sal toelaatbaar wees - dit is een agteruit in die parkeervak in en twee verdere bewegings om die voertuig binne die parkeervak te posisioneer, sonder dat enige hindernis geraak word of randsteen geklim word, en
- (c) 'n 2<sup>de</sup> (finale) poging mag aangewend word as die eerste poging nie suksesvol was nie, mits geen hindernis geraak is of geen randsteen geklim is nie.

## Uitry

Die toetsbeampte moet die volgende opdragte aan die applikant oordra:

- (a) om die voertuig uit die afgemerkte area te stuur sonder om enige hindernis te raak of randsteen te klim, en om waar aangedui te stop, en
- (b) dat 'n onbepaalde hoeveelheid bewegings gebruik mag word om die parkeervak te verlaat.

Na voltooiing van die parallelparkering, (links en regs) moet die sleepwa weer aan die trekvoertuig gekoppel word, waar die toetsbeampte al die agterligte van die sleepwa moet nagaan, voordat met die toets voort gegaan kan word.

### 3.1.6 Opdraandwegtrek (Modules 20 en 21)

Die toetsbeampte moet die volgende opdragte aan die applikant oordra:

- (a) om te stop waar aangedui sonder dat die voertuig agteruit beweeg,
- (b) om weg te trek sonder om terug te rol, en
- (c) dat slegs een poging toegelaat sal word.

## 3.2 Padtoets

3.2.1 Voor die aanvang van die padtoets moet die toepaslike inligting en instruksies oorgedra word aan die applikant terwyl die voertuig stilstaande is en die enjin afgeskakel is.

3.2.2 'n Voorafbepaalde roete moet gevolg word en die toetsbeampte mag geen opdrag gee wat 'n onwettige aksie ten gevolg kan hê nie. Die toetsbeampte moet die opdragte soos volg oordra:

- (a) betyds,
- (b) op 'n duidelike, besliste en hoorbare manier,

- (c) indien nodig moet die opdrag herhaal word,
- (d) opdragte moet, sover moontlik, een op 'n keer gegee word,
- (e) dat 'n persoon met 'n liggaamlike gestremdheid moet 'n poging aanwend om die toepaslike blindekol na te gaan,
- (f) dat indien die toets in enige stadium gestaak word, moet die toets volledig herhaal word, (Dit sluit die werftoets en padtoets in)
- (g) dat die dra van 'n sitplekgordel nou verpligtend is en dat die deurvoerstuur metode nou van toepassing is, en
- (h) alle padverkeerstekens, -seine, -reëls en -merke moet gehoorsaam word.

3.2.3 'n Laanwisseling, ten minste een handsein en 'n noodstop moet tydens elke toets gedoen word, in opdrag van die toetsbeampte, ongeag die weerstoestand.

3.2.4 Vir die doeleindes van die toets sal die volgende as 'n padtoets beskou word:

- (a) die tydsduur van die padtoets moet 20 minute oorskry,
- (b) die voorafbepaalde toets roete wat aan die minimum vereistes voldoen moet voltooi word, en
- (c) Indien sodanige padtoets 45 minute oorskry, en die betrokke roete aan die minimum vereistes voldoen het..

### 3.3 **Botsing**

3.3.1 Indien die applikant 'n botsing veroorsaak of in een betrokke raak wat hy/sy kon vermy het, word 'n sirkel om die swart blokkie onder die opskrif "BOTSING / ONKLAAR" op die toetsverslag getrek asook 'n kruis in die "DRUIP" blokkie en die toets word onmiddelik gestaak.

3.3.2 Indien die botsing as onvermydelik beskou word, word 'n kruisie in die wit blokkie onder die opskrif "BOTSING / ONKLAAR" getrek en as die voertuig nog padwaardig is, word die applikant die keuse gestel of hy/sy die toets wil voltooi of nie.

3.3.3 Indien die voertuig onpadwaardig is en/of die applikant verlang dat die toets uitgestel word, word 'n kruisie, in die "UITSTEL"-blokkie getrek en die toets word gestaak, mits geen swart blokkie omkring was voor die botsing nie.

### 3.4 **Voertuig raak onklaar**

3.4.1 Indien die voertuig tydens die toets onklaar sou raak as gevolg van 'n meganiese defek moet 'n kruisie in die "UITGESTEL"-blokkie getrek word en moet die toets volledig herhaal word, mits geen swart blok omkring was voor die voertuig onklaar geraak het nie.

### 3.5 **Toets uitgestel**

3.5.1 Indien die toets uitgestel word moet dit aangeteken word onder "ALGEMENE OPMERKINGS".

3.5.2 Indien die toets in enige stadium uitgestel word, moet die toets volledig herhaal word.



---

## **4. TOETSVERSLAG**

---

Die verskillende reaksies wat getoets word, word deur middel van afkortings op die toetsverslag aangedui. Die verklarings van hierdie afkortings word op die keersy van die toetsverslag gelys.

# DEPARTEMENT VAN VERVOER

## LIGTE MOTORVOERTUIG

### TOETSVERSLAG

#### KODE EB

Aans.	• Aansluit by deurpad		
B. dop	• Brandstofvuldop	P.	• meganisme
Band	• Buitebande	Pos. draai	• "Park" (outomatiese ratkas)
Beh. ligte	• Beheer ligte	Pos.	• Posisie vir draai
Beh. rig.	• Beheer rigtingwysers		• Posisie van voertuig
Beh. toet.	• Beheer toeter	R. lyn	• Raak lyn
Beh. w.v.	• Beheer windskermeveërs	R. rand	• Raak randsteen
Bl. kol	• Blindekol	Rat.	• Ratwisseling
D	• "Drive" (outomatiese ratkas)	Rem	• Rem
Deure	• Gaan deure na	Rol	• Laat voertuig rol
Dwaal	• Dwaal op die pad	Ry	• Ry koppelaar
En. komp.	• Enjinkompartement	Sein. kan.	• Kanselleer sein
Get. bew.	• Getal bewegings	Sein	• Sein voorneme
Get. pog.	• Getal pogings	Sit	• Verstel sitplek
Glad/geko.	• Glad en gekoördineerd	Sit. enj.	• Sit enjin aan die gang
Gly	• Laat koppelaar gly	Sk. rnte.	• Skoon ruimte
H. rat	• Ratkas met handwisseling	Smoorkl.	• Gebruik smoorklep
Hand. L.	• Handsein vir linksdraai	Sp.	• Spieëls
Hand. R.	• Handsein vir regsdraai	Sp. terwyl dr.	• Kyk in spieël terwyl draai
Hand. S.	• Handsein vir skielike spoedvermindering of stop	Stadig	• Te stadig vir omstandighede
Hindernis	• Raak hindernis	Stol	• Stol enjin
K.rand	• Klim op randsteen	Teenst.	• Teenstuur
Kopl.	• Koppeling	Terwyl dr.	• Terwyl draai
Kyk. R/L	• Kyk regs en links vir dwarsver keer	Toeter	• Gebruik van toeter
Len./Tru.	• Lense en trukaatsers	Trek	• Trek weg
Ln. wiss.	• Laanwisseling in 'n kruising	Vaartver.	• Vaartvermindering
Metode	• Stuurmetode	Verl.	• Verlaat deurpad
N.	• Neutraal	Vers.	• Versnel
Obs.	• Observer	Verst. sp.	• Verstel spieëls
Obstr.	• Obstruksies	Vinnig	• Te vinnig vir omstandighede
Oë	• Hou oë op pad	Volgafst.	• Volgafstand
On. Voer	• Kyk onder voertuig vir obstruksies	Vryloop	• Laat voertuig vryloop
Onklaar	• Voertuig onklaar	W.T.L.	• Wag te lank
Onnodig	• Onnodige stop / ratwisseling	W.v.	• Windskermeveërs
Ontk.	• Ontkoppel koppelaar	Waars. ligte/meters	• Waarskuwingsligte en meters
Out.	• Outomatiese ratkas	Wiele	• Wiele reguit vir draai
P. rem	• Gebruik van parkeerrem	Wyd/Sny	• Stuur te wyd/sny hoeke
P. rem kn.	• Gebruik van parkeerrem sonder ontsluitings	Wyds.	• Wydsbeen

**PADWAARDIGHEID**

Opmerkings.....

**OORTREDING VAN VERKEERSREËL**

Opmerkings.....

**ONBEHEERDE/GEVAARLIKE AKSIE**

Opmerkings.....

**BOTSING/ONKLAAR**

Opmerkings.....

**HOFLIKHEID**

(1) Gebrek aan.....

Opmerkings.....

**WERFTOETS**

**VOORRITINSPEKSIE (Buite)**

(1) On. voer .....

(1) W.v .....

(1) Band.....

(1) En. kom .....

(1) Len./Tru .....

(1) B. dop .....

Opmerkings.....

**VOORRITINSPEKSIE (Binne)**

(2) Deure.....

(1) P. rem .....

(1) N/P .....

(1) Obstr .....

(1) Sit .....

(2) Verst. sp. ....

(1) Beh. ligte .....

(1) Beh. rig .....

(1) Beh. w.v. ....

(1) Beh. toet .....

Opmerkings.....

**GANGPARKERING REGS**

Rol .....

(2) P. rem.....

(1) P. rem kn. ....

(5) Obs .....

(5) Sein .....

(1) Rat .....

(1) Trek .....

(1) Stol .....

(1) Teenst.....

Hindernis .....

R.lyn .....

Get. pog. ....

(4) Sein. kan.....

Opmerkings.....

**PARALLELPARKERING Links Regs**

Rol .....

(2) P. rem.....

(1) P. rem kn. ....

(5) Obs .....

(5) Sein .....

(1) Rat .....

(1) Trek .....

(1) Stol .....

(1) Teenst.....

(4) R. rand .....

K.rand .....

Hindernis .....

Get. pog. ....

(4) Sein. kan.....

Opmerkings.....

**LINKSDRAAI**

(3) Sp. ....

(5) B.kol. ....

(5) Sein .....

(4) Sein.kan.....

(1) Sp.terwyl dr. ....

K.rand/R.lyn .....

Get. pog. ....

Opmerkings.....

**AGTERUIT RY**

Rol .....

(2) P. rem.....

(5) Obs .....

(1) Rat .....

(1) Trek .....

(1) Stol .....

R.lyn .....

Get. pog. ....

Opmerkings.....

**OPDRAAND WEGTREK**

Rol .....

(5) P. rem .....

(1) P.rem. kn. ....

(1) N/D .....

(5) Obs .....

(5) Sein .....

(1) Rat .....

(1) Trek .....

(1) Stol .....

(4) Sein. kan.....

Opmerkings .....

**PADTOETS**

**AANSIT**

(2) P. rem .....

(1) P.rem. kn. ....

(1) N/P .....

(1) Smoorkl. ....

(1) Sit enj. ....

(1) Waars. ligte/meters .....

Opmerkings .....

**WEGTREK**

(5) Obs.....

(5) Sein .....

(1) Rat .....

(1) W.T.L .....

(1) Trek .....

(1) Stol .....

Rol .....

(4) Sein. kan.....

Opmerkings .....

**STUUR**

(1) Metode .....

(5) Obs.....

(4) Wyd/Sny .....

(2) Dwaal.....

(2) Pos.....

(2) Wyds.....

Opmerkings .....

**KOPPELAAR**

(1) Glad/geko. ....

(1) Gly .....

(1) Ry .....

(3) Vryloop .....

Opmerkings .....

**RATWISSELING**

(1) Rat .....

(1) Glad/geko. ....

(5) Oë .....

(4) Terwyl dr. ....

Vryloop .....

Opmerkings .....

**SEINE**

(3) Sp. ....

(5) Bl. kol .....

(3) Hand. R .....

(3) Hand. L .....

(3) Hand. S .....

(1) Toeter .....

Opmerkings .....

TYD	WERFTOETS	PADTOETS
-----	-----------	----------

STOPHORLOSIE

WERKLIKE TYD

TYDSDUUR .....Min .....Min

STRAFPUNTE

50

SLAAG	DRUIP	UITGESTEL

**LAANWISSELING**

(3) Sp. ....

(5) Bl. kol .....

(5) Sein.....

(4) Sein. kan.....

Opmerkings .....

**VERBYSTEEK Links Regs**

(3) Sp. ....

(5) Bl. kol .....

(5) Sein.....

(4) Sein. kan.....

(5) Sk. rmt. ....

Opmerkings .....

**KRUISING/INGANGE**

(3) Sp. ....

(5) Bl. kol .....

(5) Sein.....

(3) Ln. wiss. ....

(5) Kyk.R/L.....

(4) Pos. draai .....

(3) Wiele .....

(4) Sein. kan.....

Opmerkings .....

**SPOEDBEHEER**

(3) Sp. ....

(5) Vinnig .....

(5) Stadig .....

(1) Vers. ....

(1) Vaartver. ....

(2) Rem. ....

(5) Volgafst. ....

Opmerkings .....

**STILHOU**

(3) Sp. ....

(5) Bl. kol .....

(5) Sein.....

(2) Rem. ....

(1) Ontk. ....

(5) Sk. rmt. ....

(2) P. rem. ....

(1) P. rem. kn. ....

(1) N/D/P.....

(1) Sein. kan.....

(1) Onnodig .....

Opmerkings .....

**DEURPAAIE Aans Verl.**

(3) Sp. ....

(5) Bl. kol .....

(5) Sein.....

(4) Sein. kan.....

(5) Sk. rmt. ....

Opmerkings .....

**VOERTUIG BESONDERHEDE**

Gelede voertuig met leunwa .....

Voertuig met sleepwa .....

BVM van sleepwa ..... kg

**ALGEMENE OPMERKINGS**

.....

.....

.....

TOETSBEAMPT NAAM (drukskrif) .....

TOETSBEAMPT INFRA No. ....

TOETSBEAMPT HANDTEKENING .....

DATUM VAN TOETS .....

AFSKRIF VAN TOETS .....

BESTUURDER HANDTEKENING .....

---

## 5. PUNTETOEKENING

---

Foute wat tydens die toets gemaak word moet met 'n ( / ) gemerk word. (Sien voorbeelde) Enige fout wat deur die applikant gemaak word, word op die toetsverslag aangeteken deur 'n merk teenoor die betrokke item te maak.

- 5.1 Met betrekking tot sekere reaksies kan slegs een fout aangeteken word - indien die applikant byvoorbeeld een van die items onder "VOORRITINSPEKSIE" Buite of Binne, nie uitvoer nie, moet een merk in die toepaslike ruimte gemaak word.

Voorbeeld

(2) Verst. sp ...../.....

2

- 5.1.1 Indien die applikant gedurende die werftoets versuim om die spieël of blindokol of beide na te gaan, sal hy/sy slegs een keer gepeniliseer word vir observasie.

- 5.2 Met betrekking tot sekere ander reaksies kan meer as een fout aangeteken word - indien die applikant byvoorbeeld drie laanwisselings uitvoer sonder om te sein, moet drie merke in die toepaslike ruimte gemaak word.

Voorbeeld


(5) Sein .....///.....

15

- 5.3 Met betrekking tot sekere ander reaksies waar 'n swart blokkie is, veroorsaak 'n fout dat die toets gestaak word en 'n sirkel word om sodanige blokkie getrek. - bv. Indien die applikant die hindernis raak terwyl hy die gangparkering na regs uitvoer, moet 'n sirkel om die swart blokkie getrek word. Dit beteken dat die applikant onmiddelik druipe en dat die toets gestaak word.

Voorbeeld

Hindernis .....



- 5.4 Na afloop van die toets tel die toetsbeampte die merke teenoor elke item, vermenigvuldig die getal met die puntwaarde wat tussen hakies links van die item aangedui word en skryf die getal strafpunte in die toepaslike blokkie regs van die item.

Voorbeeld

(3) Sp .....///.....

9

- 5.5 Al die punte vir elke item, in elke afdeling van die toetsverslag word bymekaargetel en die totale getal strafpunte word in die groter blokkie regs onderaan die betrokke afdeling ingevul.

Voorbeeld

(1) Rat ...../.....

2

(1) Glad/geko...///...

3

(5) Oë .....

Opmerkings .....

5

- 5.6 Die getalle strafpunte wat in die groter blokkies regs onderaan elke afdeling aangedui word, word bymekaargetel om die groototaal van al die strafpunte te kry wat in die "STRAFPUNTE"-blokkie onder in die middel van die toetsverslag ingevul moet word.

Voorbeeld

STRAFPUNTE 224

- 5.7 Dui die uitslag van die toets aan deur 'n kruis in die toepaslike blokkie "SLAAG", "DRUIP" of "UITGESTEL" te trek.

Voorbeeld

SLAAG	DRUIP	UITGESTEL
<b>X</b>		

- 5.8 Onder "Opmerkings" van enige afdeling van die toetsverslag kan die toetsbeampte opmerkings inskryf wat die applikant kan help.

Voorbeeld

(2) Dwaal .....	
(2) Pos. ....III .....	<b>6</b>
(2) Wyds. ....	
Opmerkings ...ry te ver links...	<b>6</b>

- 5.8.1 Indien 'n sirkel om enige swart blokkie getrek is, moet 'n opmerking ten opsigte van die fout in die betrokke afdeling onder "Opmerkings" gemaak word.

## 5.9 Afsnypunte en tydbeperkings

### 5.9.1 Werftoets

- Die tydsduur van die werftoets mag nie 20 minute oorskry nie.
- Die "TYDSDUUR" moet in volle minute aangeteken word, dit wil sê moet altyd afgerond word na die vorige vol minute toe.

Voorbeeld

20 minute 1 sekonde sal 20 minute word  
 20 minute 59 sekondes sal ook 20 minute word  
 21 minute of meer beteken dat die applikant sal druipe.

- Die applikant druipe die toets en die toets word gestaak indien:
  - (a) meer as 50 strafpunte teen hom/haar aangeteken word,
  - (b) die tydsbeperking van 20 minute oorskry is, (voorritinspeksie en werftoets manuevers) of
  - (c) 'n sirkel om enige swart blokkie getrek is.

### 5.9.2 Padtoets

- Die padtoets begin slegs nadat die applikant die werftoets geslaag het, en die nodige opdragte vir die padtoets gegee is, terwyl die voertuig stilstaande was met die enjin afgeskakel.

- Die tydsduur van die padtoets moet 20 minute oorskry en nie meer as 45 minute wees nie. Sou die padtoets om enige rede buite beheer langer as 45 minute duur, word die toets onmiddelik gestaak en slegs die foute wat normaalweg lei tot 'n onmiddelike druipe word gemerk. (Oortreding van verkeersreël, onbeheerde / gevaarlike aksie en botsing / onklaar)
- Die tydsduur van die toets moet altyd in vol minute aangeteken word en word derhalwe tot die volgende minuut afgerond. Die padtoets sal nie minder as 20 minute wees nie, daarom is dit ontoelaatbaar as die tyd 19 minute 59 sekondes of minder is.  
 Voorbeeld      20 minute 1 sekonde sal 21 min word.  
                      40 minute 59 sekondes sal 41 minute word.  
                      19 minute 59 sekondes of minder is ontoelaatbaar.
- Die toets eindig wanneer die applikant die voertuig stop aan die einde van die voorafbepaalde roete en die stophorlosie sal dan gestop word. Die toetsbeampte gaan voort met die merk van die toetsverslag totdat die applikant sy/haar deur van buite toegemaak het.
- Die maksimum aantal strafpunte toegelaat om die padtoets te slaag sal as volg bereken word: "TYDSDUUR" in minute x 8.
- Met behulp van die tabel op bladsy 13 kan bepaal word of 'n applikant geslaag het of nie.
- 'n Applikant druipe die padtoets indien:
  - hy/sy die maksimum aantal strafpunte toegelaat oorskry het, of
  - 'n sirkel om enige swart blokkie getrek is.
- Indien die toets gestaak word moet die kortste roete terug na die bestuurderslisensie toetssentrum gevolg word.

### 5.9.3 Afneem van tyd

Die stophorlosie moet geaktiveer word, direk na die opdrag vir:

- die voorritinspeksies,
- elke werftoets maneuer, en
- padtoets.

en stop wanneer die:

- die voorritinspeksies,
- elke werftoets maneuer, en
- padtoets

geëindig het.

"WERKLIKE TYD" - Sien definisie in Woordverklaring.

"STOPHORLOSIE" - Sien definisie in Woordverklaring.

"TYDSDUUR" - Sien definisie in Woordverklaring.

Voorbeeld:

TYD	WERFTOETS	PADTOETS
STOPHORLOSIE	14 : 54	21 : 48
WERKLIKE TYD	08H06	08H24
TYDSDUUR	14 min	22 min

<b>Tydsduur van padtoets in minute</b>	<b>x 8 =</b>	<b>Maksimum aantal straf-punte toegelaat</b>
21 .....		168
22 .....		176
23 .....		184
24 .....		192
25 .....		200
26 .....		208
27 .....		216
28 .....		224
29 .....		232
30 .....		240
31 .....		248
32 .....		256
33 .....		264
34 .....		272
35 .....		280
36 .....		288
37 .....		296
38 .....		304
39 .....		312
40 .....		320
41 .....		328
42 .....		336
43 .....		344
44 .....		352
45 .....		360
<b>Maksimum toelaatbare strafpunte vir werf</b> .....		<b>50</b>

---

## **6. DIE MODULES**

---

Die verskillende afdelings van die toetsverslag word deur 'n aantal modules gedek wat die ideale uitvoering van elke afdeling van die toets beskryf.



---

# MODULE

# Bladsy

---

1	Voorritinspeksie - buite .....	16
2	Voorritinspeksie - binne .....	18
3	Aansitprosedure - handrat .....	19
4	Aansitprosedure - outomatiese ratkas .....	20
5	Spieëls - gebruik van .....	21
6	Sein .....	22
7	Sein - handseine (linksdraai) .....	23
8	Sein - handseine (regsdraai) .....	24
9	Sein - handseine (stilhou of skielike spoedvermindering) .....	25
10	Sein - toeter .....	26
11	Koppelaar - gebruik van .....	27
12	Wegtrek - handrat .....	28
13	Wegtrek - outomatiese ratkas .....	29
14	Stuur .....	30
15	Linksdraai .....	31
16	Agteruitry in reguitbaan .....	32
17	Gangparkering - na regs .....	33
18	Parallelparkering - na links .....	35
19	Parallelparkering - na regs .....	37
20	Opdraandwegtre - handrat .....	39
21	Opdraandwegtrek - outomatiese ratkas .....	40
22	Spoedbeheer .....	41
23	Ratwisseling - op (handrat) .....	42
24	Ratwisseling - af (handrat) .....	43
25	Ratwisseling - op (outomatiese ratkas) (handskakeling) .....	44
26	Ratwisseling - af (outomatiese ratkas) (handskakeling) .....	45
27	Volg ander voertuie .....	46
28	Laanwisseling .....	47
29	Stilhou - in verkeer (handrat) .....	48
30	Stilhou - in verkeer (outomatiese ratkas) .....	49
31	Stilhou - vir parkering (handrat) .....	50
32	Stilhou - vir parkering (outomatiese ratkas) .....	51
33	Verkeersbeheerseine .....	52
34	Kruisings - linksdraai .....	53
35	Kruisings - regsdraai .....	54
36	Kruisings - aanry .....	55
37	Kruisings - stoptekens .....	56
38	Kruisings - toegetekens .....	57
39	Kruisings - onbeheer .....	58
40	Kruisings - verkeersligte (flikker rooi) .....	59
41	Kruisings - verkeersligte (egalige rooi) .....	60
42	Kruisings - verkeersligte (groen) .....	61
43	Kruisings - verkeersligte (flikker amber) .....	62
44	Kruisings - verkeersligte (egalige amber) .....	63
45	Kruisings - "roundabout" (verkeersirkel) .....	64
46	Blokvoetoorgang - onbeheerd .....	65
47	Spooroorgang - beheerd .....	66
48	Spooroorgang - onbeheerd .....	67
49	Verbystee - aan die linkerkant van 'n gevaar .....	68
50	Verbystee - aan die regterkant van 'n gevaar .....	69
51	Word aan die linkerkant verbygestee .....	70
52	Word aan die regterkant verbygestee .....	71
53	Deurpaaie - aansluit .....	72
54	Deurpaaie - verlaat .....	73
55	Deurpaaie - verby af- en opritte ry .....	74

---

## Module 1:

# Voorritinspeksie - buite

---

1. Kyk met die naderstap onder voertuig vir ooglopende lekkasies, obstruksies, ens.
2. Sluit al die deure oop.
3. Onderzoek voertuig vir moontlike skade, verkieslik van bo tot onder, van links na regs, anti-kloksgewys.
4. Gaan regtersyspieël vir skade, skoonheid en stewigheid na.
5. Gaan regtergedeelte van windskerm vir skade en skoonheid na.
6. Gaan regterwindskermveër vir slytasie, stewigheid en skoonheid na en laat dit, indien moontlik, weg van die voorruit staan.
7. Gaan regtervoorwiel na: bandgroef vir slytasie en skade, sywandskade, banddruk, klepdoppie, olie- en ghrieslekke en wielmoere (indien daar geen wieldop is nie). Slegs visuele inspeksie.
8. Gaan regtersylense vir skade, skoonheid en stewigheid na.
9. Gaan voorkant van voertuig vir skade na, asook stewigheid van enjin- of katebakdeksel, rooster en buffer.
10. Noem dat olie, water, remvloeistof en waaiërband nagegaan moet word.
11. Gaan voorste nommerplaat vir skade, skoonheid, stewigheid en geldigheid na.
12. Gaan linkervoorlense en -truakaatser na soos beskryf in item 8.
13. Gaan linkervoorwiel na soos beskryf in item 7.
14. Gaan linkergedeelte van voorruit na soos beskryf in item 5.
15. Gaan linkerwindskermveër na soos beskryf in item 6.
16. Gaan klaringsbewys/padwaardigheidsertifikaat skyfie (indien van toepassing) na vir geldigheid.
17. Gaan linkersyspieël na soos beskryf in item 4.
18. Gaan linkerdeure na vir werking van deure en vensterwinders. (Indien handbeheer)
19. Gaan sitplekgordels vir stewigheid en skade na.
20. Gaan die inligtingsplaat vir skade, skoonheid, stewigheid en geldigheid na. (Indien van toepassing)
21. Gaan linkeragterwiel na soos beskryf in item 7.
22. Gaan linkeragterlense en -truakaatser na soos beskryf in item 8.
23. Gaan agterruit vir skade en skoonheid na.
24. Noem dat noodwiel, domkrag en wielsleutel nagegaan moet word.
25. Gaan agterkant van voertuig en uitlaatpyp na soos beskryf in item 9.
26. Gaan chevron, indien van toepassing, vir skade, skoonheid, stewigheid en geldigheid na.
27. Gaan agterste nommerplaat en liggie na soos beskryf in item 11.
28. Gaan die linkerstaanstut of neuswiel van sleepwa na vir stewigheid. (Indien toegerus)
29. Gaan inligtingsplaat van sleepwa na soos beskryf in item 20.
30. Gaan alle spaarwiele na soos beskryf in item 7.
31. Verseker dat sleepwaparkeerrem in die AF posisie is. (Indien van toepassing)
32. Gaan linkerwiel(e) van sleepwa na soos beskryf in item 7.
33. Gaan linkeragterlense en -truakaatser van sleepwa na soos beskryf in item 8.
34. Gaan agterkantse deur(e), valkant(e) en venster(s) na soos beskryf in item 18.
35. Gaan chevron van sleepwa na soos beskryf in item 26.
36. Gaan agterste nommerplaat en liggie na soos beskryf in item 11.
37. Gaan agterste buffer van sleepwa na vir stewigheid.
38. Gaan regteragterlense en -truakaatser van sleepwa na soos beskryf in item 8.
39. Gaan regteragterwiel van sleepwa na soos beskryf in item 7.
40. Gaan die linkerstaanstut van sleepwa na vir stewigheid soos beskryf in item 28. (Indien toegerus)
41. Gaan regteragterlense en -truakaatser na soos beskryf in item 8.
42. Gaan regteragterwiel na soos beskryf in item 7.
43. Gaan brandstofdop vir stewigheid na.
44. Gaan regterkantse deur(e) na soos beskryf in item 18.
45. Gaan parkeerstutte van sleepwa na vir posisie en stewigheid.

## Let wel A:

Met die naderstap versoek die toetsbeampte die applikant om 'n buite-voorritinspeksie uit te voer voordat hy/sy in die voertuig klim.

## Let wel B:

Die toetsbeampte mag die applikant toelaat om geringe defekte te herstel, maar geen ekstra tyd sal toegestaan word nie. (Die stophorlosie word nie gestop nie)

## Let wel C:

Die applikant sal nie in die volgende gevalle gepenaliseer word nie:

- indien hy/sy versuim om die voorritinspeksie anti-kloksgewys uit te voer,
- indien hy/sy versuim om die winskermveërs weg van die voorruit te laat staan,
- indien hy/sy een wiel nagaan en slegs weer verwys na die daaropvolgende wiele,
- indien hy/sy nie beide sywande van 'n band vir skade ondersoek nie, en
- ten opsigte van die onderdele wat die applikant moet nagaan, word dit nie van hom/haar verwag om al die einskappe van daardie onderdeel te noem nie.

Byvoorbeeld, wanneer die bande nagegaan word, word dit nie verwag dat hy/sy die bandgroef vir slytasie en die sywand vir skade en die banddruk en die stofdoppie ens. sal nagaan nie.

Wanneer dit vir die toetsbeampte duidelik is dat die applikant aandag aan die spesifieke onderdeel gegee het (of hy/sy dit noem of nie) moet hy/sy krediet daarvoor kry.

Let wel C geld slegs vir Module 1.

## Let wel D:

### Remme aan sleepwaens

Die volgende inligting van die Padverkeerswet moet in ag geneem word.

- in die geval van **'n leunwa waarvan die BVM nie 750 kg oorskry.**  
niemand mag 'n sleepwa op 'n openbare pad gebruik nie indien --
  - (a) die massa van sodanige sleepwa en enige vrag daarop 750 kilogram of minder is, en
    - (i) nie die helfte van die tarra van die trekvoertuig oorskry nie, tensy sodanige sleepwa toegerus is met minstens 'n parkeerrem of 'n ander toestel om sodanige sleepwa stilstand te hou; of
    - (ii) die helfte van die tarra van die trekvoertuig oorskry, maar nie die tarra oorskry nie, tensy sodanige sleepwa toegerus is met 'n parkeerrem en òf 'n diensrem;
- in die geval van **'n leunwa of sleepwa waarvan die BVM meer as 750 kg is.**  
niemand mag 'n sleepwa op 'n openbare pad gebruik nie indien --
  - (b) die bruto voertuigmassa van sodanige sleepwa 750 kilogram oorskry, maar nie 3500 kilogram en nie die tarra van die trekvoertuig oorskry nie, tensy sodanige voertuig toegerus is met 'n parkeerrem en òf 'n inlooprem òf 'n diensrem;.
  - (c) die bruto voertuigmassa van sodanige sleepwa die tarra van die trekvoertuig oorskry, tensy dit toegerus is met 'n parkeerrem en 'n diensrem;

---

## Module 2:

# Voorritinspeksie - binne

---

1. Verseker (vanuit bestuurdersitplek) dat parkeerrem aan is.
2. Verseker dat die rathefboom in die neutrale posisie is. (In posisie "P" of "N" vir outomatiese ratkas)
3. Kyk vir obstruksies.
4. Kyk vir waarskuwingsligte en meters, waar van toepassing.
5. Gaan sitplek vir die korrekte bestuursposisie na.
6. Gaan alle spieëls vir maksimum uitsig na agter na.
7. Draai aansitsleutel na "aan" -posisie om krag aan te skakel sonder om enjin aan te sit.
8. Gaan werking van elektriese vensters na, indien van toepassing.
9. Gaan instrumente op instrumentepaneel na en noem enige veranderinge.
10. Gaan werking van voor- en agterligte, rigtingwysers, toeter en windskermveërs na.
11. Skakel aansitsleutel af en skakel alle skakelaars terug na die "af"-posisie.
12. Gaan stuurmeganisme vir oormatige vryspeling na.
13. Gaan druk op rem- en koppelaarpedaal na.
14. Plaas windskermveërs weer in hul normale posisie, waar van toepassing.
15. Verseker dat alle deure behoorlik toe is en dat passasiers weet hoe deure werk.
16. Maak sitplekgordel vas en versoek passasiers om ook die sitplekgordels vas te maak.
17. Verseker dat passasiers vertrou is met die werking en weet hoe die ontsluitings meganisme van die sitplekgordels werk.

### Let wel A:

Die toetsbeampte versoek die applikant om die ligte, rigtingwysers, toeter en windskermveërs in werking te stel, en dit sal nagegaan word vir werking deur sodanige toetsbeampte.

### Let wel B:

Die toetsbeampte mag die applikant toelaat om geringe defekte te herstel, maar geen ekstra tyd sal toegestaan word nie. (Die stophorlosie word nie gestop nie)

### Let wel C:

Item 1 en 2 sowel as 5 en 6 moet in volgorde nagegaan word.

---

## Module 3:

# Aansitprosedure - handrat

---

1. Verseker dat parkeerrem aangewend is.
2. Verseker dat die rathefboom in die "neutraal"-posisie is.
3. Verseker dat alle meters en waarskuwingsligte nie in werking is nie.
4. Draai aansitsleutel na die "aan"-posisie sonder om enjin aan te skakel.
5. Gaan werking van waarskuwingsligte en meters na.
6. Stel smoorklep in werking, indien nodig, of verseker dat smoorklep nie in werking is nie.
7. Draai aansitsleutel verder om enjin aan te sit.
8. Laat sleutel los sodra enjin loop.
9. Gaan waarskuwingsligte en meters vir stelsel foute na.
10. Kanselleer werking van smoorklep, waar van toepassing.

---

## Module 4:

# Aansitprosedure - outomatiese ratkas

---

1. Verseker dat parkeerrem aan is.
2. Verseker dat rathefboom in posisie "P" of "N" is.
3. Verseker dat alle meters en waarskuwingsligte nie in werking is nie.
4. Draai aansitsleutel na die "aan"-posisie sonder om enjin aan te skakel.
5. Gaan werking van waarskuwingsligte en meters na.
6. Plaas smoorklep in werking, indien nodig, of verseker dat smoorklep nie in werking is nie.
7. Draai aansitsleutel verder om enjin aan te sit.
8. Laat sleutel los sodra enjin loop.
9. Gaan waarskuwingsligte en meters vir stelsel foute na.
10. Kanselleer werking van smoorklep, waar van toepassing.

---

## Module 5:

# Spieëls - gebruik van

---

1. Verstel truspieël(s) slegs terwyl voertuig stilstaan vir maksimum uitsig na agter. (Gelede voertuie moet reguit wees)
2. Gaan truspieël(s) voor enige gevaar na.
3. Gaan truspieël(s) elke 5 - 8 sekondes na.
4. Gaan truspieël(s) lank genoeg na om die verkeersituasie na agter te bepaal.
5. Gaan truspieël na tydens draaibeweging om veilige gang van voertuig te verseker

### Let wel A:

Daar moet sorg gedra word om nie te lank in die truspieël(s) te kyk nie.

### Let wel B:

In die geval van 'n toe kajuit moet beide buite truspieëls nagegaan word.

### Let wel C:

Indien dit duidelik is dat die applikant slegs 'n geringe verstelling aan 'n truspieël aanbring, sal hy nie daarvoor gepenaliseer word nie, andersins sal hy gepenaliseer word vir:

#### STUUR

- (1) Metode .....

### Let wel D:

Indien die applikant enige verstelling aan enige truspieël aanbring terwyl die voertuig stilstaan, sal hy nie gepenaliseer word nie.

### Let wel E:

Indien die applikant te lank in sy truspieël(s) kyk, sal hy gepenaliseer word vir:

#### STUUR

- (5) Obs ..... ..

Dit word nie van die applikant verwag om die syspieël(s) te gebruik vir "observasie" na agter nie. In die toets is voorsiening gemaak vir die gebruik van syspieël(s) in gevalle waar:

- (a) die voertuig nie toegerus is met 'n binne truspieël nie, en
- (b) die binne truspieël om een of ander rede nie voldoende uitsig bied nie.

---

## Module 6:

# Sein

---

1. Gaan truspieël(s) en toepaslike blindekol na, indien van toepassing
2. Sein betyds en lank genoeg.
3. Plaas hand weer op die toepaslike plek op die stuurwiel soos nodig.
4. Verseker dat sein gekanselleer word sodra die maneuver voltooi is of teenwoordigheid bevestig is, soos byvoorbeeld, by die gebruik van die toeter.

### Let wel A:

Daar moet sorg gedra word om nie te vroeg te sein waar dit ander padgebruikers mag verwar nie.

### Let wel B:

Die gebruik van rigtingwysers of handseine binne 'n kruising behoort vermy te word tensy dit nodig is.

### Let wel C:

Die remligte is 'n sein wat kan aanbly (veral in die nag) en dit is nie nodig om te kanselleer nadat die voertuig tot stilstand gebring is nie.

### Let wel D:

Die kyk in die blindekolle is nie nodig wanneer die remligte, hoofligte of toeter as 'n sein gebruik word nie.

### Let wel E:

Indien die sein te gou gekanselleer word moet die applikant nie gepenaliseer word vir:

(4) Sein kan .....

nie, maar vir

(5) Sein ..... .

omdat die duur van die sein onvoldoende was.

### Let wel F:

Remligte word as 'n sein beskou. Die truspieël(s) moet nagegaan word voordat daar begin word om te rem.

Die blindekolle moet nie nagegaan word voor gerem word nie.



---

## Module 7:

# Sein - handseine (linksdraai)

---

1. Gaan truspieël(s) en blindekol na links na.
2. Sein voorneme deur middel van rigtingwysers.
3. Gaan blindekol na regs na.
4. Steek regterarm reguit sywaarts uit.
5. Buig elmboog en draai voorarm vertikaal na onder.
6. Beweeg voorarm anti-kloksgewys in 'n sirkel.
7. Trek arm betyds terug.
8. Plaas hand terug op toepaslike plek op die stuurwiel, voordat gerem, ratte gewissel of gestuur word.

### Let wel A:

Hierdie sein moet betyds gegee word en lank genoeg duur, voordat gerem, ratte gewissel of gestuur word.

### Let wel B:

Hierdie sein moet tesame met rigtingwysers, wat voor die handsein in werking gestel moet word, gebruik word.

### Let wel C:

Die applikant moenie gevra word om hierdie sein te herhaal indien dit die eerste keer bevredigend uitgevoer is nie.

Indien die applikant nie die sein die eerste keer bevredigend kon uitgevoer nie, moet hy/sy versoek word om die sein nog een keer te herhaal.

Slegs twee pogings word toegelaat, maar indien die 2<sup>de</sup> poging ook nie suksesvol is nie, sal strafpunte weer toegeken word en die toets gaan voort.

---

## Module 8:

# Sein - handseine (regsdraai)

---

1. Gaan truspieël(s) en blindekol na links na.
2. Sein voorneme deur middel van rigtingwysers.
3. Gaan blindekol na regs na.
4. Steek regterarm reguit sywaarts uit en hou dit horisontaal met die handpalm na voor.
5. Trek arm betyds terug.
6. Plaas hand terug op toepaslike plek op die stuurwiel, voordat gerem, ratte gewissel of gestuur word.

### Let wel A:

Hierdie sein moet betyds gegee word en lank genoeg duur, voordat gerem, ratte gewissel of gestuur word.

### Let wel B:

Hierdie sein moet tesame met rigtingwysers, wat voor die handsein in werking gestel moet word, gebruik word.

### Let wel C:

Die applikant moenie gevra word om hierdie sein te herhaal indien dit die eerste keer bevredigend uitgevoer is nie.

Indien die applikant nie die sein die eerste keer bevredigend kon uitgevoer nie, moet hy/sy versoek word om die sein nog een keer te herhaal.

Slegs twee pogings word toegelaat, maar indien die 2<sup>de</sup> poging ook nie suksesvol is nie, sal strafpunte weer toegeken word en die toets gaan voort.

---

## Module 9:

# Sein - handseine (stilhou of skielike spoedvermindering)

---

1. Gaan truspieël(s) en blindekol na regs na.
2. Steek regterarm reguit sywaarts uit met elmboog gebuig en voorarm vertikaal na bo en handpalm na voor gedraai.
3. Trek arm betyds terug.
4. Plaas hand terug op toepaslike plek op die stuurwiel, voordat gerem, ratte gewissel of gestuur word.

### Let wel A:

Hierdie sein moet betyds gegee word en lank genoeg duur, voordat gerem, ratte gewissel of gestuur word.

### Let wel B:

Die remligte is 'n sein wat kan aanbly (veral in die nag) en dit is nie nodig om te kanselleer nadat die voertuig tot stilstand gebring is nie.

### Let wel C:

Die applikant moenie gevra word om hierdie sein te herhaal indien dit die eerste keer bevredigend uitgevoer is nie.

Indien die applikant nie die sein die eerste keer bevredigend kon uitgevoer nie, moet hy/sy versoek word om die sein nog een keer te herhaal.

Slegs twee pogings word toegelaat, maar indien die 2<sup>de</sup> poging ook nie suksesvol is nie, sal strafpunte weer toegeken word en die toets gaan voort.

---

**Module 10:****Sein - toeter**

---

1. Gaan truspieël(s) na.
2. Sein slegs wanneer dit nodig is, betyds en slegs lank genoeg.
3. Plaas hand weer op die toepaslike plek op die stuurwiel.

---

## Module 11:

# Koppelaar - gebruik van

---

1. Trap koppelaarpedaal in.
2. Verkry koppelaarbeheer.
3. Vermo ongeoorloofde "Gly" van koppelaar.
4. Vermo ongeoorloofde "Ry" van koppelaar.
5. Vermo ongeoorloofde "Vryloop".
6. Haal voet heeltemal van koppelaarpedaal af behalwe om ratte te wissel of te stop of vir geoorloofde "Gly, "Ry" of "Vryloop".
7. Ontkoppel koppelaar heeltemal net voor voertuig tot heeltemal stilstaan kom, sonder dat die enjin swaar kry of stol.

### Let wel A:

Wanneer stilgehou word moet die rempedaal getrap word voordat die koppelaar getrap word om vryloop te voorkom. Hierdie is nie 'n vereiste in stop-ry verkeer of wanneer teen 'n opdraand stilgehou word nie.

### Let wel B:

Die voet mag nie op die koppelaar pedaal rus terwyl die voertuig se enjin loop nie, tensy in stop-ry verkeer.

### Let wel C:

Indien die applikant deurlopend die koppelaar "Ry" moet hy/sy elke 5-8 sekondes gepenaliseer word vir:

#### KOPPELAAR

(1) Ry .....

Die applikant moet sy voet heeltemal van die koppelaar verwyder nadat stilgehou en neutraal geskakel is. Indien die applikant dit nie doen nie word hy/sy elke 5-8 sekondes gepenaliseer word vir:

#### KOPPELAAR

(1) Ry .....

---

## Module 12:

# Wegtrek - handrat

---

1. Gehoorsaam alle padverkeerstekens, -seine,-reës en -merke.
2. Gaan truspieël(s) en toepaslike blindekol na, indien van toepassing.
3. Sein voorneme, indien van toepassing.
4. Verseker dat daar skoon ruimite anderkant kruising is, voordat kruising binnegegaan word.
5. Verseker dat kruising skoon is, voordat dit binnegegaan word.
6. Behou skoon ruimte voor voertuig, voordat weggetrek word. (Ongeveer 4 - 5 meter)
7. Skakel rat.
8. Verkry koppelaarbeheer.
9. Observeer.
10. Parkeerrem af, indien van toepassing.
11. Trek weg.
12. Versnel soos nodig.
13. Kanselleer sein, indien van toepassing.

### Let wel A:

Indien die voertuig rol, word 'n sirkel om die swart blokkie "Rol" getrek en die toets word gestaak.

### Let wel B:

Observasie en ratskakeling mag terselfdertyd gedoen word.

### Let wel C:

Nommers 7, 8 en 9 mag in een vloeiende beweging gedoen word.

### Let wel D:

Observasie moet voor wegtrek gedoen word, asook gedurende stop-ry verkeer.

### Let wel E:

Gedurende wegtrek mag die applikant nie die voertuig se wiele laat tol nie. Indien die applikant dit sou doen word hy/sy geenaliseer vir:

#### WEGTREK

- (1) Trek .....

---

## Module 13:

# Wegtrek - automatiese ratkas

---

1. Gehoorsaam alle padverkeerstekens, -seine,-reës en -merke.
2. Gaan truspieël(s) en toepaslike blindekol na.
3. Sein voorneme, indien van toepassing.
4. Verseker dat daar skoon ruimte anderkant kruising is voordat kruising binnegegaan word.
5. Verseker dat kruising skoon is voordat dit binnegegan word.
6. Behou skoon ruimate voor voertuig, voordat beweeg word. (ongeveer 4 - 5 meter)
7. Skakel rat indien nodig.
8. Observeer.
9. Parkeerrem af indien van toepassing.
10. Trek weg.
11. Versnel soos nodig.
12. Kanselleer sein, indein van toepassing.

### Let wel A:

Indien die voertuig rol, word 'n sirkel om die swart blokkie "Rol" getrek en die toets word gestaak.

### Let wel B:

Gedurende 'n wegtrek mag die applikant nie die voertuig se wiele laat tol nie. Indien hy dit sou doen word hy gepeenaliseer vir:

#### WEGTREK

- (1) Trek .....

### Let wel C:

Observasie moet voor wegtrek gedoen word, asook gedurende stop-ry verkeer.

---

## Module 14:

# Stuur

---

1. Plaas hande in die posisies tien-voor-twee of kwart-voor-drie met die handpalms en die duime op die rand van die stuurwiel.
2. Hou albei hande op die stuurwiel behalwe om ratte te wissel, te sein of die kontroles of toestelle te beheer.
3. Stuur op 'n beheerde manier ten einde nie hoeke of draaie te sny of te wyd te neem nie.
4. Stuur in draaie na links of regs deur die deurvoerstuurmetode te gebruik.
5. Stuur glad.
6. Indien moontlik moenie oor laanstrepe dwaal of wydsbeen oor hulle ry nie.
7. Pas posisie aan met inagnam van bewegende of stilstaande gevare.
8. Hou te alle tye ten minste een hand op die stuurwiel.
9. Moenie stuurwiel draai terwyl voertuig stilstaan nie.
10. Teenstuur indien nodig.

### Let wel A:

Die deurvoerstuurmetode is nie 'n vereiste gedurende die werftoets nie.

### Let wel B:

Indien die applikant deurlopend 'n stuur "Metode" fout maak deur byvoorbeeld sy/haar hand deurlopend op die rathefboom te hou moet hy/sy elke 5-8 sekondes gepenaliseer word vir:

#### STUUR

- (1) Metode .....



---

## Module 15:

# Linksdraai

---

1. Gaan truspieël(s) en blindekol na links na.
2. Sein voorneme.
3. Gaan blindekol links na.
4. Stuur na en posisioneer voertuig in toepaslike laan.
5. Gaan truspieël(s) na.
6. Verminder spoed.
7. Skakel korrekte rat.
8. Gaan blindekol na links na.
9. Stuur in toepaslike laan.
10. Gaan truspieël(s) tydens draai na vir veilige gang van voertuig(e).
11. Versnel egalig.
12. Kanselleer sein.
13. Gaan truspieël(s) na.

### Let wel A:

Slegs een poging sal toegelaat word.

### Let wel B:

Die volle afmetings van hierdie manoeuver kan gebruik word, maar geen buite grenslyne mag geraak word nie.

### Let wel C:

Die manoeuver sal slegs begin nadat die voertuig in beweging gebring is en indien die voertuig om enige rede nadat daar weggetrek is en voor die manoeuver voltooi is, sou stilhou, moet 'n sirkel om die swart blok "Get.pog." getrek word en die toets word gestaak.

### Let wel D:

Hierdie manoeuver is voltooi wanneer die stuuras van die sleepvoertuig aan die linkerkant van die pad is, langs die 45 lyn waar dit aan die gebroke middel lyn raak.

---

## Module 16:

# Agteruitry in reguitbaan

---

- Posisioneer voertuig by beginpunt.
  - Parkeerrem aan.
  - Skakel neutraal, (of "P" vir outomatiese ratkas) en wag vir instruksies.
1. Skakel trurat.
  2. Verkry koppelaar beheer.
  3. Observeer.
  4. Parkeerrem af.
  5. Trek weg.
  6. Hou voertuig in reguit lyn soos aangedui, sonder om kant grenslyne te raak.
  7. Stop waar aangedui.
  8. Parkeerrem aan.
  9. Skakel neutraal, (of "P" vir outomatiese ratkas)
  10. Laat koppelaar uit, indien van toepassing.

### Let wel A:

Slegs een poging sal toegelaat word.

### Let wel B:

Indien die voertuig rol, word 'n sirkel om die swart blokkie "Rol" getrek en die toets word gestaak.

### Let wel C:

Indien die voertuig om enige rede nadat daar weggetrek is en voor die manoeuvre voltooi is, sou stilhou, moet 'n sirkel om die swart blok "Get.pog." getrek word en die toets word gestaak.

### Let wel D:

Stop met die agterste wiele van die voertuig binne of verby die 5m stilhou sone.

### Let wel E:

Indien die verkeerde rat geskakel word tydens wegtrek vanaf die beginpunt, sal dit nie geag word as 'n poging nie.

### Let wel F:

Indien die voertuig sou vryloop gedurende die manoeuvre, sal dit beskou word as 'n "Onbeheerde aksie" en moet 'n sirkel om die swart blokkie getrek word en die toets word gestaak.

---

## Module 17:

# Gangparkering - na regs

---

- Posisioneer voertuig by beginpunt.
- Kanselleer sein, indien van toepassing.
- Parkeerrem aan.
- Skakel neutraal, (of "P" vir outomatiese ratkas) en wag vir instruksies.

### INRY

1. Gaan truspieël(s) en blindekol na regs na.
2. Sein voorneme.
3. Skakel rat.
4. Verkry koppelaarbeheer. (Handrat)
5. Observeer.
6. Parkeerrem af.
7. Trek weg.
8. Gaan blindekol na links na voordat die voertuig van rigting verander.
9. Stuur in afgemerkte area in sonder om enige hindernis te raak.
10. Stop voertuig binne afgemerkte area .
11. Parkeerrem aan.
12. Skakel neutraal, (of "P" vir outomatiese ratkas)
13. Kanselleer sein.

### UITRY

14. Gaan truspieël(s) en toepaslike blindekol na.
15. Sein voorneme.
16. Skakel rat.
17. Verkry koppelaarbeheer. (Handrat)
18. Observeer.
19. Parkeerrem af.
20. Stuur uit afgemerkte area uit sonder om enige hindernis te raak.
21. Kanselleer sein.

## Let wel A:

Indien hierdie maneuer nie voltooi kan word gedurende die eerste poging soos in item 10 beskryf is nie, moet die voertuig weer by die beginpunt geposisioneer word, van waar 'n 2<sup>de</sup> (finale) poging aangewend mag word, indien geen hindernis of grenslyn geraak is nie. (Die stophorlosie sal nie gestop word nie)

## Let wel B:

Slegs een beweging vorentoe is toelaatbaar gedurende elke poging.

## Let wel C:

Indien die voertuig rol, word 'n sirkel om die swart blokkie "Rol" getrek en die toets word gestaak.

## Let wel D:

In alle gevalle, moet die agterste kant van die voertuig minstens by die 3<sup>de</sup> stel hindernisse verby wees.

## **Let wel E:**

Ten opsigte van:

(1) Teenst .....

word bedoel dat die applikant die stuurwiel draai terwyl die voertuig stilstaan.

## **Let wel F:**

Indien die sein outomaties sou kanselleer tydens inry of uitry, moet die applikant nie gepenaliseer word indien die sein nie weer geaktiveer word nie.

## **Let wel G:**

Indien die applikant sou stilhou en in dieselfde rigting wegtrek, sal dit as een beweging beskou word. Stilhou is toelaatbaar te enige tyd tydens 'n beweging, maar 'n observasie moet gedoen word, voor wegtrek, indien die voertuig stilstaande was vir langer as 5 sekondes.

## **Let wel H:**

Indien die verkeerde rat geskakel word tydens wegtrek vanaf die beginpunt, sal dit nie geag word as 'n poging nie.

---

## Module 18:

# Parallelparkering - na links

---

- Posisioneer voertuig by beginpunt.
- Kanselleer sein, indien van toepassing.
- Parkeerrem aan.
- Skakel neutraal, (of "P" vir outomatiese ratkas) en wag vir instruksies.

### INRY

1. Gaan truspieël(s) en blindekol na links na.
2. Sein voorneme.
3. Skakel rat.
4. Verkry koppelaarbeheer. (Handrat)
5. Observeer.
6. Parkeerrem af.
7. Trek weg.
8. Gaan blindekol na regs na voordat die voertuig van rigting verander.
9. Stuur, indien veilig, in parkeervak in sonder om enige hindernis te raak of die randsteen te klim.
10. Teenstuur, indien van 'n 2<sup>de</sup> beweging vorentoe gebruik gemaak gaan word.
11. Stop met voertuig binne afgemerkte area.
12. Parkeerrem aan.
13. Skakel neutraal.
14. Kanselleer sein.

### UITRY

15. Gaan truspieël(s) en blindekol na regs na.
16. Sein voorneme.
17. Skakel rat.
18. Verkry koppelaarbeheer. (Handrat)
19. Observeer.
20. Parkeerrem af.
21. Stuur uit parkeervak uit sonder om enige hindernis te raak of die randsteen te klim.
22. Kanselleer sein.

## Let wel A:

Slegs drie bewegings sal toelaatbaar wees - dit is een agtertoe beweging in parkeervak in en twee verdere bewegings mits die voertuig gedeeltelik binne die parkeervak is om sodoende die voertuig te posisioneer en sonder om die parkeervak heeltemal te verlaat gedurende hierdie twee bewegings.

## Let wel B:

Indien hierdie maneuever nie voltooi kan word gedurende die eerste poging, soos in item 11 beskryf is nie, moet die voertuig weer by die beginpunt geposisioneer word, van waar 'n 2<sup>de</sup> (finale) poging aangewend mag word, indien geen hindernis geraak of randsteen geklim is nie. (Die stophorlosie sal nie gestop word nie)

## Let wel C:

Die getal pogings om die parkeervak te verlaat sal onbeperk wees, maar 'n observasie moet elke keer gedoen word voordat wegetrek word.

Wanneer die parkeervak verlaat word moet die voertuig vorentoe uit bestuur word.

Die sein moet aan wees wanneer die parkeervak verlaat word.

## Let wel D:

Indien die sein outomaties sou kanselleer tydens inry of uitry, moet die applikant nie gepenaliseer word indien die sein nie weer geaktiveer word nie.

## Let wel E:

Geen sein sal vereis word vir bewegings binne die parkeervak nie.

## Let wel F:

Die finale posisie van die hele voertuig is van geen belang nie, solank dit binne die afgemerkte area is. (Insluitend toebehore en spiëls in normale posisie)

## Let wel G:

Ten opsigte van:

Teenst .....

word bedoel dat

- Die applikant die stuurwiel draai terwyl die voertuig stilstaan, en
- Dat die applikant nie die stuurwiel in die teenoorgestelde rigting draai, sodat die wiele ten minste reguit is, net voordat die voertuig tot stilstand kom nie, indien 'n 2<sup>de</sup> of 3<sup>de</sup> beweging nodig is.  
(Sien definisie van "teenstuur")

## Let wel H:

Indien die voertuig rol, word 'n sirkel om die swart blokkie "Rol" getrek en die toets word gestaak.

## Let wel I:

Indien die applikant sou stilhou en in dieselfde rigting wegtrek, sal dit as een beweging beskou word. Stilhou is toelaatbaar te enige tyd tydens 'n beweging, maar 'n observasie moet gedoen word, voor wegtrek, indien die voertuig stilstaande was vir langer as 5 sekondes.

## Let wel J:

Indien die verkeerde rat geskakel word tydens wegtrek vanaf die beginpunt, sal dit nie geag word as 'n poging nie.

## Let wel K:

Na voltooiing van die parallelparkering, (links en regs) moet die sleepwa weer aan die trekvoertuig gekoppel word, waar die toetsbeampte al die agterligte van die sleepwa moet nagaan, voordat met die toets voort gegaan kan word.

---

## Module 19:

# Parallelparkering - na regs

---

- Posisioneer voertuig by beginpunt.
- Kanselleer sein, indien van toepassing.
- Parkeerrem aan.
- Skakel neutraal, (of "P" vir outomatiese ratkas) en wag vir instruksies.

### INRY

1. Gaan truspieël(s) en blindekol na.
2. Sein voorneme.
3. Skakel rat.
4. Verkry koppelaarbeheer (handrat).
5. Observeer.
6. Parkeerrem af.
7. Trek weg.
8. Gaan blindekol na links na voordat die voertuig van rigting verander.
9. Stuur, indien veilig, in parkeervak in sonder om enige hindernis of randsteen te raak.
10. Teenstuur, indien van 'n 2<sup>de</sup> beweging vorentoe gebruik gemaak gaan word.
11. Stop met voertuig binne afgemerkte area.
12. Parkeerrem aan.
13. Skakel oor na neutraal.
14. Kanselleer sein.

### UITRY

15. Gaan truspieël(s) en blindekol na.
16. Sein voorneme.
17. Skakel rat.
18. Verkry koppelaarbeheer (handrat).
19. Observeer.
20. Parkeerrem af.
21. Stuur uit parkeervak uit sonder om enige hindernis of randsteen te raak.
22. Kanselleer sein.

## Let wel A:

Slegs drie bewegings sal toelaatbaar wees - dit is een agtertoe beweging in parkeervak in en twee verdere bewegings mits die voertuig gedeeltelik binne die parkeervak is om sodoende die voertuig te posisioneer en sonder om die parkeervak heeltemal te verlaat gedurende hierdie twee bewegings.

## Let wel B:

Indien hierdie maneuer nie voltooi kan word gedurende die eerste poging, soos in item 11 beskryf is nie, moet die voertuig weer by die beginpunt geposisioneer word, van waar 'n 2<sup>de</sup> (finale) poging aangewend mag word, indien geen hindernis geraak of randsteen geklim is nie. (Die stophorlosie sal nie gestop word nie)

## Let wel C:

Die getal pogings om die parkeervak te verlaat sal onbeperk wees, maar 'n observasie moet elke keer gedoen word voordat wegetrek word.

Die sein moet aan wees wanneer die parkeervak verlaat word.

Wanneer die parkeervak verlaat word moet die voertuig vorentoe uit bestuur word.

## Let wel D:

Indien die sein outomaties sou kanselleer tydens inry of uitry, moet die applikant nie gepenaliseer word indien die sein nie weer geaktiveer word nie.

## Let wel E:

Geen sein sal vereis word vir bewegings binne die parkeervak nie.

## Let wel F:

Die finale posisie van die hele voertuig is van geen belang nie, solank dit binne die afgemerkte area is. (insluitend toebehore en spiëls in normale posisie)

## Let wel G:

Te opsigte van:

Teenst .....

word bedoel dat

Die applikant die stuurwiel draai terwyl die voertuig stilstaan, en

Dat die applikant nie die stuurwiel in die teenoorgestelde rigting draai, sodat die wiele ten minste reguit is, net voordat die voertuig tot stilstand kom nie, indien 'n 2<sup>de</sup> of 3<sup>de</sup> beweging nodig is.

(Sien definisie van "teenstuur")

## Let wel H:

Indien die voertuig rol, word 'n sirkel om die swart blokkie "Rol" getrek en die toets word gestaak.

## Let wel I:

Indien die applikant sou stilhou en in dieselfde rigting wegtrek, sal dit as een beweging beskou word. Stilhou is toelaatbaar te enige tyd tydens 'n beweging, maar 'n observasie moet gedoen word, voor wegtrek, indien die voertuig stilstaande was vir langer as 5 sekondes.

## Let wel J:

Indien die verkeerde rat geskakel word tydens wegtrek vanaf die beginpunt, sal dit nie geag word as 'n poging nie.

## Let wel K:

Na voltooiing van die parallelparkering, (links en regs) moet die sleepwa weer aan die trekvoertuig gekoppel word, waar die toetsbeampte al die agterligte van die sleepwa moet nagaan, voordat met die toets voort gegaan kan word.



---

## Module 20:

# Opdraandwegtrek - handrat

---

1. Stop waar aangedui sonder dat die voertuig agteruit beweeg.
2. Parkeerrem aan.
3. Skakel neutraal.
4. Gaan truspieël(s) en toepaslike blindekol na, indien van toepassing.
5. Sein voorneme, indien van toepassing.
6. Skakel rat.
7. Verkry koppelaarbeheer.
8. Observeer.
9. Parkeerrem af.
10. Trek weg sonder om terug te rol.
11. Kanselleer sein, indien van toepassing.

### Let wel A:

Indien die voertuig met 'n voetbeheerde parkeerrem toegerus is, moet die volgorde wees om eers die voertuig in neutraal te skakel en dan die parkeerrem aan te wend.

### Let wel B:

Indien die applikant die voertuig se wiele laat tol tydens wegtrek, moet hy/sy gepenaliseer word vir:

#### Opdraand WEGTREK

- (1) Trek .....

### Let wel C:

Slegs een poging word toegelaat.

### Let wel D:

Indien die voertuig rol, word 'n sirkel om die swart blokkie "Rol" getrek en die toets word gestaak.

---

## Module 21:

# Opdraandwegtrek - outomatiese ratkas

---

1. Stop waar aangedui sonder dat die voertuig agteruit beweeg.
2. Parkeerrem aan.
3. Gaan truspieël(s) en toepaslike blindekol na, indien van toepassing.
4. Sein voorneme, indien van toepassing.
5. Observeer.
6. Parkeerrem af.
7. Trek weg sonder om terug te rol.
8. Kanselleer sein, indien van toepassing.

### Let wel A:

Indien die applikant nie na neutraal skakel nie, sal hy/sy nie gepenaliseer word nie, alhoewel dit van hom/haar verwag word om die parkeerrem aan te wend.

### Let wel B:

Indien die applikant die voertuig se wiele laat tol tydens wegtrek, moet hy/sy gepenaliseer word vir:

#### Opdraand WEGTREK

(1) Trek .....

### Let wel C:

Slegs een poging word toegelaat.

### Let wel D:

Indien die voertuig rol, word 'n sirkel om die swart blokkie "Rol" getrek en die toets word gestaak.

---

**Module 22:****Spoedbeheer**

---

1. Gaan truspieël(s) na.
2. Pas spoed aan (kies toepaslike rat) in ooreenstemming met die verkeerspatroon, helling van die pad, padoppervlak, sigbaarheid en spoedbeperking.
3. Versnel, indien nodig.
4. Verminder spoed, indien nodig.
5. Rem, indien nodig.

**Let wel A:**

Indien die spoed van die voertuig aansienlik toeneem sonder dat die versneller aangewend word en indien dit nodig is om die diensrem aanhoudend aan te wend, moet gerem word totdat die spoed toepaslik is en na 'n laer rat oorgeskakel word ten einde versnelling te beperk.

Herhaal hierdie prosedure indien nodig.

Vermý oorskakeling na 'n laer rat om normale remming te vervang of aan te help, en sodoende die spoed van die voertuig te verminder.

**Let wel B:**

Indien die applikant gedurende die padtoets te stadig vir omstandighede ry moet hy/sy elke 5-8 sekondes geenaliseer word vir:

**SPOEDBEHEER**

- (5) Stadig .....

---

## Module 23:

# Ratwisseling - op (handrat)

---

1. Behou spoed.
2. Plaas linkervoet op koppelaarpedaal.
3. Begin koppelaar tot ongeveer by kontakpunt intrap.
4. Los versnellerpedaal glad en heeltemal, terwyl koppelaarpedaal heeltemal ingetrap word.
5. Plaas regtervoeg op versnellerpedaal.
6. Skakel rat.
7. Plaas hand weer in toepaslike posisie op stuurwiel.
8. Laat koppelaarpedaal stadig en glad uit tot by kontakpunt.
9. Trap versnellerpedaal glad en progressief in, terwyl koppelaarpedaal heeltemal uitgelaat word.
10. Haal voet heeltemal van koppelaarpedaal af.

### Let wel A:

Waar moontlik moet ratte gewissel word terwyl reguit gery word.

### Let wel B:

Nommers 3, 4, 5 en 6 kan in een vloeiende beweging gedoen word.

### Let wel C:

Nommers 8, 9 en 10 kan in een vloeiende beweging gedoen word.

---

## Module 24:

# Ratwisseling - af (handrat)

---

1. Gaan truspieël(s) na.
2. Los versnellerpedaal glad.
3. Rem indien nodig tot toepaslike spoed vir omstandighede. (Remming moet voltooi word voordat 'n laer rat geksakel word.)
4. Haal regtervoet heeltemal van rempedaal af.
5. Plaas regtervoet op versnellerpedaal.
6. Trap koppelaarpedaal heeltemal in.
7. Skakel laer rat.
8. Plaas hand weer in toepaslike posisie op stuurwiel.
9. Laat koppelaarpedaal stadig en glad uit tot by kontakpunt.
10. Trap versnellerpedaal glad en progressief in, terwyl koppelaarpedaal heeltemal uitgelaat word.
11. Haal voet van koppelaarpedaal af.

### Let wel A:

Indien die spoed van die voertuig aansienlik toeneem sonder dat die versneller aangewend word en indien dit nodig is om die rem aanhoudend aan te wend, moet gerem word totdat die spoed toepaslik is en na 'n laer rat oorgeskakel word ten einde versnelling te beperk.

Herhaal hierdie prosedure indien nodig.

Indien 'n applicant nie daarin slaag om na 'n laer rat te skakel met 'n 2<sup>de</sup> poging nie, sal dit as "vryloop" geag word.

Vermyn oorskakeling na 'n laer rat om normale remming te vervang of aan te help om sodoende die spoed van die voertuig te verminder.

### Let wel B:

Waar moontlik moet ratte geskakel word terwyl reguit gery word.

### Let wel C:

Geskikte rat moet geskakel word voordat teen die afdraende afgegaan word.

### Let wel D:

Wanneer teen 'n lang opdraand uitgery word en die spoed verminder ten spyte van voortdurende druk op die versnellerpedaal, moet daar betyds na 'n laer rat geskakel word alvorens hierdie laer rat nie meer geskik is of voordat die enjin begin swaarkry.

---

**Module 25:**

**Ratwisseling - op  
(outomatiese ratkas) (handskakeling)**

---

1. Behou spoed.
2. Skakel rat.
3. Plaas hand weer op toepaslike posisie op stuurwiel.
4. Versnel.

**Let wel A:**

Handskakeling behoort slegs nodig te wees indien 'n laer rat benodig word om by 'n steil afdraande af te ry.

**Let wel B:**

Waar moontlik moet ratte geskakel word terwyl reguit gery word.

---

## Module 26:

# Ratwisseling - af (outomatiese ratkas) (handskakeling)

---

1. Gaan truspieël(s) na.
2. Los versnellerpedaal glad.
3. Rem indien nodig tot toepaslike spoed vir omstandighede. (Remming moet voltooi word voordat 'n laer rat geskakel word)
4. Skakel rat.
5. Plaas hand weer in toepaslike posisie op stuurwiel.

### Let wel A:

Indien die spoed van die voertuig aansienlik toeneem sonder dat die versneller aangewend word en indien dit nodig is om die rem aanhoudend aan te wend, moet gerem word totdat die spoed toepaslik is en na 'n laer rat oorgeskakel word ten einde versnelling te beperk.

Herhaal hierdie prosedure indien nodig.

Vermyn oorskakeling na 'n laer rat om normale remming te vervang of aan te help om sodoende die spoed van die voertuig te verminder.

### Let wel B:

Waar moontlik moet ratte geskakel word terwyl reguit gery word.

### Let wel C:

Geskikte rat moet geskakel word voordat teen die afdraende afgegaan word.